

Rig alle korrespondensie aan:
DIE MUNISIPALE BESTUURDER
Privaatsak X53, Prins Albert, 6930
E-Pos / E-Mail: adminklerk@pamun.gov.za

Address all correspondence to:
THE MUNICIPAL MANAGER
Private Bag X53, Prince Albert, 6930
Tel: 023-541 1036

UITNODIGING VIR KOMMENTAAR

KONSEPVERORDENING INSAKE SWARTBERGPAS

Hiermee word kennis gegee dat die Munisipale Raad van Prince Albert, tydens sy vergadering gehou op 30 September 2026, die Konsepverordening insake Swartbergpas ter tafel gelê en vir doeleindes van openbare deelname en kommentaar goedgekeur het.

Die Konsepverordening insake Swartbergpas het ten doel om 'n toepaslike regulatoriese raamwerk daar te stel vir aangeleenthede rakende die bestuur, beheer, gebruik en beskerming van die Swartbergpas binne die jurisdiksiegebied van die Prince Albert Munisipaliteit.

Lede van die publiek, eiendomseienaars, besighede, toerisme- en gasvryheidsinstellings, gemeenskapsorganisasies, padgebruikers, belanghebbende en geaffekteerde partye, asook enige ander persone wat moontlik deur die voorgestelde Verordening geraak kan word, word hiermee aangemoedig om die Konsepverordening insake Swartbergpas deeglik te bestudeer en hul skriftelike kommentaar, vertoë of aanbevelings aan die Munisipaliteit voor te lê.

Die Konsepverordening insake Swartbergpas is beskikbaar vir openbare insae en kommentaar op die Munisipaliteit se webtuiste:

<https://www.pamun.gov.za/documents/browse?folder=by-laws>

'n Harde kopie van die dokument is ook beskikbaar vir insae by:

Prince Albert Munisipaliteit
01 Adderleystraat
Thusong-sentrum
Munisipale Kantore
Prince Albert
6930

Skriftelike kommentaar kan soos volg by die Munisipaliteit ingedien word:

E-pos: adminklerk@pamun.gov.za

Of

Handaflewering:
Prince Albert Munisipaliteit
01 Adderleystraat
Thusong-sentrum
Munisipale Kantore
Prince Albert
6930

Alle voorleggings moet duidelik aandui dat dit betrekking het op die Konsepverordening insake Swartbergpas.

Die sluitingsdatum vir die indiening van skriftelike kommentaar is: 13 NOVEMBER 2026

Lede van die publiek en belanghebbende en geaffekteerde partye word aangemoedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak om betekenisvolle insette oor die voorgestelde Verordening te lewer. Alle kommentaar en verhoë wat binne die voorgeskrewe tydperk ontvang word, sal deur die Munisipaliteit oorweeg word as deel van die openbare deelnameproses.

Die uwe

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Adv. M. Giliomee', written over a horizontal dotted line.

ADV. M. GILIOME
MUNISIPALE BESTUURDER
DATE : 08 OKTOBER 2026